

Saterdag 2 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:14-22

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:17; HK Sondag 28, Antwoord 77

Die nagmaal: gemeenskap met mekaar

In 1 Korintiërs 10:17 dui Paulus ’n verdere seën van die nagmaal aan. Almal by die nagmaal eet van dieselfde brood. Dit beteken dat daar tussen die nagmaalgangers ’n eenheid is – ’n eenheid van wedersydse liefde vir mekaar en omgee vir mekaar. Deur die samehang van vers 17 met vers 16 is dit egter duidelik dat die onderlinge band en gemeenskap van die gelowiges met mekaar uit hulle gemeenskaplike band met Christus voortvloei. Hierdie band is primêr en bepaal die gelowiges se band met mekaar. Die gemeenskap van die gelowiges is ’n gemeenskap *in Christus*. Waar die gemeenskap met Christus nie gevind word nie, kan daar ook geen werklike gemeenskap met mekaar wees nie. Hierdie gemeenskap van die gelowiges by die nagmaal word in die nagmaalsformulier op treffende wyse soos volg onder woorde gebring: “Verder word ons deur dieselfde Gees onderling as lede van een liggaam in ware broederlike liefde saamgebind, soos die apostel sê: Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood. Net soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn vloei, so moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, een liggaam wees. Ter wille van ons geliefde Saligmaker, wat ons eerste so uitnemend liefgehad het, moet ons broederlike liefde nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys.”

Dit is verder belangrik om daarop te let dat die onderlinge liefde van die gelowiges vir mekaar volgens die nagmaalsformulier nie net met woorde nie, maar ook met dade teenoor mekaar bewys moet word. Die gevaar is immers ook in hierdie verband om met “gepaste” woorde te volstaan, sonder om werklik die wil te doen van ons Vader wat in die hemel is (Matt. 7:21). As dit so is, is dit ’n bewys dat die essensie van die nagmaal, naamlik die gemeenskap met Christus, by sulke mense nie tot sy reg gekom het nie. Daarom het hulle ook nie werklik ’n hart vir mekaar nie. Die eie aard van hierdie gemeenskap met medegelowiges is immers sodanig dat dit nie net uit woorde kan bestaan nie. Dit moet, waar nodig, tot dade oorgaan (vgl. Gal. 6:2).